

7 April

Skrifgedeelte: Romeine 8:24, 25; Eksodus 20:4, 5; Deuteronomium 5:8-10

HK, Vraag 97

### Ons is gered in hoop

Deur die eeue heen wou die mens God graag sien. Die Israeliëte het 'n goue kalf gemaak om só, teen die HERE se gebod in, God se teenwoordigheid te probeer uitbeeld. Maar teenoor die mens wat altyd wil sien sê ons Here Jesus Christus (**Joh 20:**) "Salig is dié wat nie gesien het nie, en nogtans glo." Aan die mens wat Hom wil uitbeeld sê die Woord (2 Kor 5:7): "... want ons lewe deur geloof, nie deur sien nie." Aan die mens wat 'n film verkies bó die prediking sê die HERE (1 Pet 1:8, 9): Julle het Jesus Christus lief, "al het julle Hom nie gesien nie. Deur in Hom te glo, al sien julle Hom nou nie, het julle reeds deel aan die saligheid wat die einddoel van julle geloof is. En dit vervul julle met 'n onuitspreeklike en heerlike blydschap." Ons redding lê vir Paulus in hierdie woorde (Rom 8:24).

God wat die wêreld en alles wat daarin is gemaak het, Hy wat Here van hemel en aarde is, woon nie in tempels wat met hande gemaak is nie. Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hy self aan almal lewe en asem gee (Hand 17:24). Uit hierdie preek van Paulus aan die heidene blyk die sinloosheid van mensepogings om die Here te probeer uitbeeld. Daarom verbied die Here in die tweede gebod dat Hy op enige manier uitgebeeld word, want Hy het Homself "uitgebeeld", getoon, bekendgemaak – in sy Seun Christus, wat God is en ook mens geword het. Op Jesus Christus alleen moet ons ons vertrouwe stel. Hom alleen moet ons dien. Hy het ons gekoop met sy eie kosbare, dure bloed. Dít is ons vaste hoop (Rom 8:24, 25) en ons enigste troos, dat ons aan Hom behoort, en nie aan onself nie.

*Sing: Psalm 146:3, 6, 8 (1937) Dr. VE d'Assonville (Colesberg en Philipstown)*

~~~~~